



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

kennisvennoot – gespreksgenoot



Tel.: 021 808 3848 Faks: 021 808 2123

E-pos: pjivr@sun.ac.za

Web: www.maties.com www.sun.ac.za/lettere

FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Die uitstekende graadprogramme van die Universiteit Stellenbosch (US) se Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe rus jou toe vir 'n loopbaan in vandag se kompeterende arbeidsmark.

Die 18 departemente – in die tale, kunste en sosiale wetenskappe – bied 'n dinamiese onderrigomgewing wat inspeel op die nuutste nasionale en internasionale tendense. Akademiese ondersteuning is ook beskikbaar aan studente met agterstande weens gebreke in die skoolstelsel.

WAT IS GRAADPROGRAMME?

Elke graadprogram bestaan uit 'n groep vakke wat mekaar sinvol aanvul. Elke vak is ingestel op hedendaagse opleidingsbehoefes. Onderrig het daarom beide 'n algemene en 'n spesifieke loopbaanfokus.

Danksy die algemene fokus leer jy om analities en krities te dink, om probleme te kan oplos en doeltreffend te kan kommunikeer. Die spesifieke fokus, daarenteen, help jou om vaardighede te verwerf wat jou toerus vir 'n loopbaan op 'n spesifieke gebied of binne 'n spesifieke familie van verwante gebiede.

GEE PROGRAMME VRYHEID VAN KEUSE?

Sekere programme maak voorsiening vir studente wat nog onseker is oor 'n loopbaan.

Die keuse is ruim, maar die vakke hou met mekaar verband. Ander programme is gerig op studente met sekerheid oor hul toekomstige loopbaan. Hier is die vakkeuse meer beperk.



ONDERRIGTAAL

Lesings, studiemateriaal, ens. word tweetalig (Afrikaans en Engels) aangebied, buiten in die taalmodules (Afrikaans, Engels, ens.). Studente mag ook Afrikaans of Engels gebruik in toetse, eksamens en werksopdragte.

TOELATINGSVEREISTES

'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) gesertifiseer deur Umalusi met 'n punt van minstens 4 in elk van die vier skoolvakke uit die lys van aangewese universiteits-toelatingsvakke. 'n Gemiddelde persentasie van minstens 60% bereken op grond van die gemiddelde NNS-uitslag en die toegangstoetsuitslag in 'n 60:40 verhouding. Vir addisionele en programspesifieke vereistes, raadpleeg die US Jaarboek Deel 4.

GRAADPROGRAMME

BDram (Drama en Teaterstudie) berei jou voor op 'n loopbaan in die teater-, radio-, film- en TV-bedryf, as akteur, regisseur, teksskrywer, tegnikus, bestuurder, kritikus, geskiedskrywer of navorser.

BA in Geesteswetenskappe verleen toegang tot 'n verskeidenheid beroepe deur jou te leer om analities en krities te dink, probleme te kan identifiseer, goed te kommunikeer en kreatief op veranderende eise en omstandighede te kan reageer.

BA in Internasionale Studie: Met opleiding in ekonomiese en politieke kwessies, en tale soos Frans, Duits of Mandaryns, bied dié program jou die sleutel tot 'n opwindende beroep in toerisme, die mediabedryf, internasionale organisasies, die sakewêreld en die diplomatieke diens.

B in Maatskaplike Werk bekwaam jou as 'n professionele maatskaplike werker en stel jou in staat om by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoep te registreer.



BA in Menslike Hulpbronbestuur: Die ontwikkeling van mensekapitaal is 'n sleutel tot ekonomiese vooruitgang. Menslike hulpbronbestuurders gebruik hulle kennis van Bedryfsielkunde ('n hoofvak) om werknemers te ontwikkel en te bestuur.

B/Mus bied gespesialiseerde opleiding, om jou as musiekonderwyser, uitvoerende kunstenaar (solis, begeleier, orkesspeler of dirigent), musiektegnoloog, navorser of komponis te bekwaam.


BA met Musiek (Rigting: Algemeen) kombineer opleiding in musiek met keuses van kundigheid in 'n taal, sosiale wetenskap of wiskunde en verskaf sodoende die ideale grondslag vir 'n loopbaan in die onderwys.

BA met Musiek (Rigting: Musiektegnologie) behels die ontwikkeling van teoretiese en analitiese vaardighede. Terselfdertyd word die wiskundig-teoretiese aspekte op inleidende en gevorderde vlakke ondersoek.

BA in Ontwikkeling en Omgewing: Binne dié program leer jy beroepsgerigte bestuursvaardighede soos kommunikasie, konflikthantering en die bestuur van verandering en ontwikkeling in die omgewing en gemeenskap.

BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie (PPE): Dié program, wat fokus op die Suid-Afrikaanse omgewing, is bedoel vir mense met 'n belangstelling in bestuur, joernalistiek, regte, die diplomatieke diens en staatsdiens.

BA in Regsgeleerdheid: Hierdie program lê die grondslag vir verdere regstudie, terwyl jy terselfdertyd insig kry in menslike gedrag en sosiale kwessies. Dit verleen toegang tot die LLB-program.



BA in Sosiale Dinamika: In dié program leer jy hoe om die sosio-ekonomiese, maatskaplike en politieke aspekte van die veranderende wêreld te ontleed, interpreteer, begryp, verduidelik en te beïnvloed.

BA in Sosio-Informatika: Rekenaars skep nuwe werklikhede in organisasies. Daardie werklikhede moet ontwerp, bestuur en bedryf word. Hierdie program rus jou toe vir 'n verskeidenheid funksies in daardie omgewing, hetsy van tegniese- of bestuursaard. Sien www.informatics.sun.ac.za.

BA in Sportwetenskap rus jou toe vir 'n loopbaan in sportwetenskap, sportsielkunde, navorsing, biokinetika, fiksheid en gesondheid, bewegingsopvoeding en rekreasie vir gestremdes.

BA in Taal en Kultuur berei jou voor op taal- en kulturele beroepe soos die onderwys, die uitgewers- en boekbedryf, die media en joernalistiek, diplomatieke diens, toerisme, die vertaalbedryf, die musiek- en teaterwêreld.

BA in Visuele Kunste het 'n wye veld van toepassings en berei jou voor as skeppende visuele kunstenaar. Die program bied vier strome aan, naamlik Skone Kunste, Visuele Kommunikasie-ontwerp, Juweliersontwerp en Kunsopvoeding. Die strome maak dit moontlik om onderskeidelik te kwalifiseer as skone kunstenaar, grafiese ontwerper, juweliersontwerper en/of -vervaardiger, en as 'n kunsopvoeder in enige van die genoemde velde en ook as 'n kunsteoretikus.



BA in Waarde- en Beleidstudie kombineer die Ekonomiese- en Menswetenskappe, asook hoëvlak teorie met praktyk, in die ontwikkeling van denkleierskap en besluitneming in komplekse werksituasies binne 'n globale kennis-ekonomie.